# DIE PROFETIESE ROEPING VAN DIE KERK IN HIERDIE TYD.

(Toespraak gelewer by Samekoms Evangeliedienaars te Pretoria, 11 Mei 1960).

Eerwaarde Voorsitter en Broers in onse Here Jesus,

Dis vir ons almal 'n oorsaak van groot dankbaarheid dat hierdie geleentheid aan ons gegee word om te besin oor die betekenis van al die gebeure wat ons land die afgelope weke beroer het, en dat ons vooraf 'n volledige uiteensetting kon kry van die feitlike situasie soos aan ons gegee deur ds. C.B. Brink.

Die betekenis van die gebeure kan egter nie in hulle volle betekenis verstaan word tensy ons dit beoordeel teen die agtergrond van alles wat vandag in Afrika en ander dele van die wereld aangaan nie: dat daar geweldige magte aan die werk is wat dreig om die hele huidige struktuur van ons samelewing te oorweldig en te vernietig. En waar vantevore ons mense ( die blankes in die moederkerk) hierdie dinge nie kon of nie wou verstaan nie, het die gebeure in Suid-Afrika en die reaksies in die buiteland soos 'n dinamietontploffing talle gedagtebronne oopgeskiet. Die korrespondensie-kolomme van koerante, die besprekinge op kongresse en die talle gesprekke van enkelinge is die bewys: daar word baie ernstig gedink in die dae.

Tog het dit my opgeval dat, met enkele uitsonderinge, die algemene benadering van die gewone man nie eerstens was vanuit die gesingspunt van die Christendom, maar vanuit die toekoms van die blankedom; dat dit nie soseer gaan om die profetiese roeping van die kerk te bepaal maar eerder om die politieke roeping van die volk te bapaal. En daarin sien ek die ernstige gevaar dat ons die Christendom en die blankedom so onlosmaaklik met mekaar verbind dat die profetiese roeping van die kerk ernstig in die gedrang kom. Hoe verstaanbaar dit ookal is, veral i in die lig van die besondere rol wat ons kerk gespeel het in die voortbestaan van ons volk, mag ons nooit

vergeet....../2

vergeet dat die kerk eerstens kerk van Jesus Christus is en moet wees en dat hierdie kerk 'n heilige en goddelike roeping het om die Woord van God te laat spreek en sy eis van geregtigheid en waarheid te stel aan alle mense en volkere en rasse.

Vir ons as Ned. Geref. Kerk is dit des te meer van belang om dit reg te verstaan omdat dit juis op hierdie punt is van die profetiese roeping van die kerk dat die Christelike kerke van die wereld ons verwyt dat dit voorkom asof ons as kerk hierdie roeping of nie verstaan of soms baie ernstig versuim.

Voordat 'n kerk sy profetiese roeping suiwer kan sien moet hy eers die ontleedmes insteek, sy motiewe ondersoek en sy standpunte ontleed in die lig van die hele Woord van God. En as, in ons poging vanmore om eerlik voor God en sy Woord te staan, ons daardie mes diep insteek en skerp laat sny, is moet dit nie gesien word as liefdelose kritiek of gebrek aan waardering vir wat bereik is nie, maar juis as teken van die hoogste liefde wat bo al die waarheid soek. Want alleen die waarheid kan ons vrymaak - vry ook van spanning en vrees.

Ons profetiese roeping moet dus begin met besinning, dit moet verduidelik word in ons prediking, en dit moet aanskou word in ons belewing.

I. BESINNING.

Nog nooit in die geskiedenis van ons Kerk was daar dringender behoefte aan ernstige en diepgaande besinning oor die wese, die roeping en die toekoms van die kerk as vandag nie. In die lig van die toenemende rasse-spanninge en die groeiende belangstelling in die verhoudinge van rasse, is dit gebiedend noodsaaklik dat die kerk in S.A. opnuut gaan besin oor o.a. die volgende:

(1) Die Eenheid van die Kerk: Ons verwys na die uitsprake in die Nuwe Testament o.a. die hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus waaruit sulke vrae na vore kom: Wat is die wese van die Kerk? Hoe kom dit to uiting in die maatskappy? In watter

opsig...../3

opsig word die skeidslyne van ras en kleur geaffekteer deur lidmaatskap aan die kerk? Wat sluit die belede eenheid van geloof, hoop en liefde alles in?

In die verband word daar sekere vrae deur Christelike kerke aan ons kerk gestel t.o.v. sekere bepalinge en gebruike: vrae waarvan ons die antwoorde nie langer mag ontwyk of uitstel nie. Laat my illustreer wat ek bedoel:

(1) Daar word op gewys dat in Artikels 3 en 9 van ons Wette en Bepalinge duidelik bepaal word dat alleen blanke persone lidmate van die kerk mag word, en word dan die vraag gestel: Watter Skriftuurlike grone kan daar gevind word vir hierdie verbod?

(2) Daar word op gewys ons huidige kerklike verordeninge en gebruike wel toelaat dat lidmate van die moederkerk met lidmate in 'n sendingkerk saam kan aanbid, maar dat die teendeel deur die grootste gros van lidmate van die moederkerk net nie geduld o of toegelaat (al word nie. En weer word die vraag gestel of dit Skriftuurlik verantwoord is? En indien nie, of dit dan nie noodsaaklik is dat ons die Skriftuurlike standpunt duidelik en onomwonde moet stel nie?

(3) 'n Ander saak waaroor ons as kerk baie ernstig moet besin is die kwessie van die huwelike van <u>gelowiges</u> van verskillende rasse en kleure. U sal oplet dat ek uitdruklik se: <u>gelowiges</u>, en dat die vraag gedurig aan ons gestel word op watter Skrifgronde ons sodanige verbod kan goedkeur en handhaaf?

Nou loop ons as kerk ernstige gevaar dat, uit vrees dat die antwoord dalk anders kan wees as ons tradisionele siening of ons kerklike verordeninge, en ons dan gedwing sal word om hulle te wysig, ons die ondersoek daarna en die uitspraak daaroor vertraag of verswyg. Niks is noodlottiger vir die uitlewing van die profetiese roeping van die kerk as om so 'n standpunt in te neem nie. Daarom wil ons vanoggend baie ernstig pleit daarvoor dat ons die antwoorde op hierdie vrae op grond van die Skrif sonder versuim s sal gee en nie wag totdat ons in 'n hoek gedryf word deur die aanklagte van vyandiges of deur die uitsprake van ander Christelike kerke nie.

(2) Skeiding tussen kerk en wereld: 'n Ander saak waaroor ons volkome duidelikheid moet he as kerk is die apartheid waarvan die Skrif spreek en ook nie spreek nie. In die eskatologie van die Nuwe Testament, veral by monde van die Here Jesus, word duidelik sekere skeidslyne getrek: nie die tussen Ooste en Weste, nie die tussen blank en nie-blank, maar wel die tussen geloof en ongeloof, tussen kerk en wereld, tussen God en Satan, tussen Christus en die antichris. Dus 'n vertikale verdeling waarin aan die einde van die tye alle gelowiges (blank sowel as nie-blank) testaan kom teenoor alle ongelowiges (blank sowel as nie-blank). As dit waar is dan beteken dit ook dat die Woord van God ons leer dat nou reeds in die oog van God 'n blanke Christen nader staan aan 'n nie-blanke Christen as aan 'n blanke heiden. Hoe nader die eindtye kom, hoe duideliker gaan hierdie skeiding hom voltrek. En as die kerk die koninkryk van God as hoogste doelwit stel dan is die hoogste roeping van die kerk nie die stryd om die behoud van die blankedom, maa r om die voortgang van die Christendom; nie die bewaring van ons aardse ryk maar die bevordering van die Godsryk!

Die kerk sal dus geroepe wees om ook aan ons volk dit duidelik te stel dat God nie die xxxxxxxx voortbestaan van enige volk waarborg net omdat so 'n volk blank of nie-blank is nie, maar alleen in soverre as so 'n volk bereid is om die belange van die Godsryk te bevorder.

(3)

II. PREDIKING.

Daar is nog baie ander aspekte van die kerk se roeping waaroor ons kan besin - maar tyd laat ons nie toe om nou verder daarop in te gaan nie. Ons kom nou by die verduideliking van ons profetiese roeping aan ons lidmate (beide in moeder- en sendingkerk), en wil voorop stel die groot verantwoordelikheid wat daar vandag rus op die skouers van elke Evangeliedienaarom die Woord van God in al sy diepte maar ook in al sy omvang te verkondig.
Tye van twyfel en krisis is tye van geleentheid om

te...../4

te kan uitroep in die krag van die Heilige Gees: So spreek die Here! Was dit nie die smart, maar ook die krag van die profete van ouds, dat hulle kon se, omdat hulle moes se: Hoor die woord van die Here!

Juis daarom is dit vandag, meer as ooit vantevore, 'n goddelike geleentheid om die woord van God van die kansel te bedien gedagtig aan Paulus se woord! Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders".(1 Kor. 16: 9). En hierdie geleentheid moet ons aangryp met albei hande. Juis omdat ons so diep bewus is van ons swakheid en hulpeloosheid moet ons ons meer as ooit werp op Gods beloftes van steun en sterkte. Dan sal die wereld weer regop sit en se: Hier hoor ons 'n nuwe geluid - 'n kerk wat onbevrees die Woord van God verkondig aan alle mense!

Maar om dit te kan doen moet ons vooraf absoluut seker maak, deur studie, besinning en gebed, dat dit wat ons preek, Gods Woord is wat spreek. En dit beteken dat die hele Woord en by name Christus as die lewende Woord moet spreek, ja, dat Hy die hoogste woord sal spreek! Dat sy lewe, sy eis, sy gesindheid die finale toetssteen is van ons prediking. Doe ons dit nie, dan faal ons in ons roeping, en dan mislei ons ons lidmate en dan doen ons skade aan die Godsryk.

Toegepas op die verhoudinge tussen die verskillende rassen in ons land, sal dit beteken dat ons as gesante van God aan ons mense in verstaanbare taal op grond van Gods Woord sal duidelik maak:

(a) wat "Christelike geregtigheid" beteken soos deur Gods Woord toegepas op alle mense;

(b) wat "Christelike verantwoordelikheid" beteken in die verhoudinge waarin blank en nieblank as naaste van mekaar in ons land moet lewe;

(c) wat "Christelike liefde" beteken soos toegepas en geopenbaar in die gesindheid van die een ras teenoor die ander.

Noodwendig sal ons prediking hom in hierdie tyd

moet..../6

moet rig op die vrae van selfbehoud en selfverloëning: hoe ver mag 'n Christen bv. argumente voer vir sy selfbehoud as blanke - getoets aan sulke uitsprake van Christus soos Matth. 6:33: "Maar soek eers die koninkry van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" en: Lukas 9:24: "Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor".

Noodwendig sal ons prediking hom met rig om antwoord te gee op die vraag: Wat moet ons as blanke Christene antwoord op die bittere haat van die nie-blanke in Afrika teen ons as blankes? Ook hier moet ons vreesloos, teenoor blank en nie-blank, die Woord van God laat spreek!

Maar om dit te kan doen op so 'n manier dat ons prediking aangryp, dat dit mense dwing tot verootmoediging, tot belydenis, tot inkeer en toekeer tot God, sal baie studie en gebed vereis - baie meer as wat ~~ons~~ die meeste van ons op die oomblik daaraan kan gee. Die vraag het by my opgekom of dit nie baie sal beteken as ons as Evangeliedienaars studiekringe vorm, ook met broers uit ander Christelike kerke, om saam te soek na meerdere lig in Gods Woord op die vrae en probleme waarop ons geroepe word om 'n antwoord te gee?

III. BELEWING.

Laat my toe om in die derde plek te wys daarop dat die profetiese roeping van die kerk alleen dan tot volle ontplooiing kom wanneer die kerk die Evangelie van Jesus Christus in al sy konsekwensies deurtrek tot die breëre terreine van die menslike lewe - dus ook van die lewe van die nie-blanke in ons land. As die kerk sy profetiese roeping reg verstaan, sal daar 'n tere en liefdevolle besorgdheid wees oor die ekonomiese en sosiale welvaart van die mense aan wie Hy die Evangelie verkondig. Die kerk as instituut besorg nie daardie dinge aan die mense nie, maar is besorgd oor daardie dinge waar hulle ontbreek.

Daarom moet die kerk sy stem laat hoor oor alle vorms van sosiale misstande, onreg of verdrukking. As Christelike kerk ~~moet~~ sal die kerk die pleitbesorger wees vir die arme, die verdrukte, die hongerige, die woordelose, die veronregte - afgesien daarvan of die persoon blank of nie-blank is. Maar dan moet die kerk eers seker maak van sy feite; hy moet hom inleef in die situasies van die mense wat hy bedien en hom volkome op hoogte stel van hulle nood en behoeftes. Om dit te kan doen moet die kerk nie net van sulke mense praat nie, maar met hulle praat, onafhanklik van enige ander liggaam sy gegewens en oortuiginge vind.

Ek dink hier aan die roepstemme wat vir jare reeds opgaan vanuit die geledere van die nie-blanke: die roep om beter lone sodat die huisgesinne 'n lewenswaardige bestaan kan voer; die roep om die behoud van die familielewe deur genoegsame behuising; die roep om medeseggenskap in die bestuur van sake veral waar dit die nie-blanke in die stedelike gebiede raak. Somtyds kom hierdie geroep van onverantwoordelike ophitsers wat die onmoontlikste eise stel, maar dit neem nie weg dat daar by 'n groot deel van die nie-blanke ook 'n billike grond te vind is vir baie van hierdie versoeke.

En nou kom die vraag: wie sien die deursnee nie-blanke vandag as sy kampvegter, sy pleitbesorger, sy weldoener om ~~hierdie~~ sy saak te beveg en te bevorder? ~~XIXXXXX~~ Soek hy dit by ons kerk - of by ander? Het ons nie ook skuld daaraan dat mense soos Reeves en de Blank poseer as die groot weldoeners en dat die nie-blankeby hulle of by die kommuniste hulle heil en saligheid soek met verwerping van dit wat ons in eerlikheid wil bied nie? Moet ons nie baie meer as in die verlede ook hierdie geregtigheid van Christus prakties toepas en uitleef nie?

Ek moet sluit. Ek weet, broeders, by baie van u leef daar hierdie vraag in die hart: Ons gee toe dat sommige van hierdie dinge waar is, maar se nou ons as kerk doen al hierdie dinge - en op die lange duur blyk dit dat dit alles niks gehelp het om beter verhoudinge te bewerkstellig tussen blank en nie-blank: wat dan? Se nou die magte van barbarisme of kommunisme blyk so sterk te wees dat hulle al hierdie Raxxxmyxbxxsdexx, pogings en opofferings oorweldig: wat dan?

Dan, my broeders, dan staan ons met 'n rein gewete voor God en die wereld as Christene wat hulle geloof bely en beleef het en wat weet dat God dit tot seën sal maak vir die Godsryk.

Maar mag ek u ook vra: Gestel dat ons dit nie doen nie, dat die kerk sy profetiese roeping in hierdie tyd nie soek en uitleef nie - wat dan? Kan dit nie dan gebeur dat die Koning van sy Kerk vir ons sal se: Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug?

Bid God dat aan ons die tyd gegun word in die suidhoek van Afrika om ons profetiese roeping as kerk duidelik te sien en onbevreesd uit te leef!

du Toit:

1) Die uitbou van kontakte m.d. Bantoe

2) Skepping van kontakte met ander kerke

3) Waarskuwing teen beklemtoning v.d. negatiewe sy van ons beleid.

4) Die program is 'n skepping van ons sedel. wereld.

5) (Posisie ifs drankmisbruik & drankverskaffing)
Vermy die uitgewing wat diskriminasie beklemtoon

Kriel:

1) Die pers in S.A. sal ons platdruk dat daar van ons niks oorbly nie. Die Bantoe koop ~~nie~~ net die Mail. die Star. ~~[illegible]~~ Vanke by die dien. opslagplek

2) Kerk kan alleen sy profetiese roeping uitvoer as hy bly wat hy vandag is: as d. blankedom oorspeel word kan ons ikabod skryf oor die K.v.O. in S.A.

3) Laat ons die negat. beklemtoning van ons vr. laat: die ryke verskeidenheid van die bydrae v.d. Xt. Bantoe in die Kerk v Xt. Jesus. Die eiend. tipe van Xdom

<u>Gillians:</u>

1) Die aanvalle v.d. arbeidsorganisasie is ge-inspireer deur d. Kommunisme. Ek sien in al hd. dinge d. roepstem v. God aan ons volk te roep tot ontwaking: [redacted] druk aan ons sedel. skandes). Ons as So d. moet ons mense terugbring na God – anders sal die Here ons uit sy mond spuug.

<u>Malan:</u> „V. V. Ek sê ... d. Kan. meegeneem .."

Ons sendingaksie [kaapse] baie skade ly:

① regverdig teenoor die Bantoe mees – broederlike en hulpvaardig.

② die Bantoe wa uit na 'n geest. leier met hande & voete. Ons skuldig dat ons godsd. nie prakties genoeg is nie

<u>Kocks:</u> || Gemengde huwelike – prakt. situasie

<u>Snyman:</u> – Rustig besin hom – sosiaal-teologie.

–

– Histories-gewordene verhef tot norm (Kr.).

<u>v Wyk:</u> ~~Die eenheid~~ Dogmatiese: v.d. kerk & v.d. mensl. geslag staan voorop & daar volg die verskeidenheid

→ „'n Mens is 'n mens deur sy medemense" (Bantoespreuk)

<u>Grobler:</u> Die openlike dualisme in ons land

Die antw. wat gegee word in ons land kan alleen gegee word & nantot mens.